

Stage 2

Water Restrictions

now in effect



A last request for compliance before we begin to act

Action will be taken on Households who do not comply with water restrictions

Extraction from the water by-law : applicable to water restrictions

12. Compliance notices

- (1) When an authorised official finds that a provision of this by-law is contravened or that a condition has arisen that has the potential to lead to a contravention of this by-law, such authorised official may issue a compliance notice to the consumer or owner concerned or person who is contravening the provisions of this by-law.
- (2) A notice issued in terms of subsection (1) must state—
- (a) the provision of the by-law that is being contravened or will be contravened if the condition is allowed to continue;
 - (b) the measures that must be taken to rectify the condition, and
 - (c) the time period in which the notice must be complied with.
- (3) If a person on whom notice was served in terms of subsection (2), fails to comply to the requirements of the notice, the Municipality may take such steps as may be necessary to rectify the condition at the cost of the person responsible, or take any other action deemed necessary to ensure compliance.

14. Offences and penalties

Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with any provisions of this by-law;
- (b) fails to comply with any notice issued in terms of this by-law;
- (c) fails to comply with any lawful instruction given in terms of this by-law, or
- (d) obstructs or hinders any authorised representative or employee of the municipality in the execution of his or her duties under this by-law,

is guilty of an offence and liable on conviction to a fine of R2500 or three (3) years imprisonment or both.

30. Restriction or cutting-off of supply

- (1) Subject to any other right the municipality may have, the Municipal Manager may, if an owner has failed to pay a sum due in terms of the Tariff Policy By-law, by written notice inform him or her of the intention to restrict or cut off the supply of water on a specified date and to restrict or cut off such supply on or after that date.
- (2) Subject to any other right the municipality may have, the Municipality may, if an owner has contravened this by-law and has failed to rectify such contravention within the period specified in a written notice served on him or her requiring him or her to do so; by written notice inform him or her of the intention to restrict or cut off his supply of water on a specified date and to restrict or cut off such supply on or after that date.
- (3) The consumer/owner must pay the fees for the restriction or cutting-off of supply and restoration of the water supply in terms of the Tariff Policy By-law: provided that all such fees are paid

prior to the restoration of the water supply.

- (4) A consumer whose access to water supply services has been restricted or disconnected, who intentionally reconnects it, will on written notice be disconnected.

41. Water Restrictions

- (1) The council may by public notice, whenever there is scarcity water available to it for distribution and supply to consumers, or for any other good cause—
- (a) prohibit or restrict the consumption of water in the whole or part of the Municipal area—
 - (i) in general or for specified purposes;
 - (ii) during specified hours of the day or on specified days, and
 - (iii) in a specified manner, and
 - (b) determine and impose limits on the quantity of water that may be consumed over a specified period;
 - (c) impose restrictions or prohibitions on the use or manner of use or disposition of an appliance by means of which water is used or consumed, or on the connection of such appliances to the water installation, and
 - (d) invoke the special tariffs in respect of water restrictions, determined in terms of the Tariff Policy By-law .
- (2) The council may limit the application of the provisions of a notice contemplated in subsection (1) to specified areas and/or categories of consumer, premises and activities, and may permit deviations and exemptions from, and the relaxation of, any of such provisions on reasonable grounds, provided that there will be no deviation from the tariffs referred to in subsection (1)(d).
- (3) The Municipality may order a consumer to, at the consumers own expense, take such measures, including the installation of meters and devices for restricting the flow of water, as may in his or her opinion be necessary to ensure compliance with a notice published in terms of subsection (1).
- (4) The Municipality—
- (a) may discontinue or, for such period as he or she may deem fit, limit the supply of water to any premises in the event of a failure to comply with the terms of a notice referred to in subsection (1), and
 - (b) must, where the supply has been discontinued in terms of paragraph (a), restore it only when the fee for discontinuation and reconnecting the supply has been paid.
- (5) The provisions of this section shall also apply in respect of water supplied directly by the municipality to consumers outside the Municipal area, notwithstanding anything to the contrary in the conditions governing such supply, unless otherwise specified in the notice published in terms of subsection (1).
- (6) Any person contravening the provisions of a notice published in terms of subsection (1) is guilty of an offence.



Water beperkings
nou in werking



Residensiële gebruikers
Spaar 50%
van normale gebruik

Finale beroep op inwoners voor ons verplig word om optetree

Aksie sal geneem word op huishoudings wat nie aan waterbeperkings voldoen nie



Onttrekking uit die waterverordening: Toediening aan waterbeperkings

12. Voldoeningskennisgewings

(1) Indien 'n gemagtigde beampte bevind dat 'n bepaling van hierdie verordening oortree word, of dat 'n toestand ontstaan het wat moontlik kan lei tot 'n oortreding van hierdie verordening, kan sodanige gemagtigde beampte 'n voldoeningskennisgewing aan die verbruiker, die betrokke eienaar of die persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree, uitreik.

(2) 'n Kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) moet die volgende meld—

(a) die bepaling van hierdie verordening wat oortree word of wat oortree sal word indien die toestand toegelaat word om voort te duur;

(b) die maatreëls wat getref moet word om die toestand te herstel, en

(c) die tydperk waarbinne aan die kennisgewing voldoen moet word.

(3) Indien die persoon, aan wie 'n voldoeningskennisgewing ingevolge subartikel (2) beteken is, versuim om aan die vereistes van die kennisgewing te voldoen, kan die Munisipaliteit, op koste van die verantwoordelike persoon, sodanige stappe neem as wat nodig mag wees om die toestand te herstel of enige ander noodsaaklike handeling verrig om voldoening te verseker.

14. Misdrywe en strafbepaling

Enige persoon wat—

(a) 'n bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is; of

(c) versuim om te voldoen aan enige wettige opdrag wat ingevolge hierdie verordening gegee is; of

(d) 'n gemagtigde verteenwoordiger of werknemer van die munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening, hinder of dwarsboom, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van R2500 of drie (3) jaar gevangenisstraf of beide.

30. Beperking of afsny van toevoer

(1) Behoudens enige ander reg wat die munisipaliteit mag hê, kan die Munisipale Bestuurder by versuim van die verbruiker om 'n fooi verskuldig, ingevolge die Tariefbeleidverordening, te betaal, die eienaar skriftelik in kennis stel van die voorneme om die watertoevoer op 'n bepaalde datum te beperk of af te sny en om die watertoevoer op of na die bepaalde datum te beperk of af te sny.

(2) Behoudens enige ander reg wat die munisipaliteit mag hê, kan die Munisipaliteit 'n eienaar wat hierdie verordening oortree en wat nagelaat het om sodanige oortreding te herstel, binne die tydperk gemeld in 'n skriftelike kennisgewing wat op hom of haar beteken is, skriftelik in kennis stel van die voorneme om sy of haar watervoorsiening op 'n spesifieke datum te beperk of af te sny.

(3) Die verbruiker/eienaar moet die voorgeskrewe fooi vir die beperking of afsnyding en die heraansluiting van die watertoevoer

betaal; met dien verstande dat die watertoevoer nie herstel sal word voor alle sodanige fooie betaal is nie.

(4) 'n Verbruiker wie se toegang tot watervoorsieningsdienste ingekort of afgesny was en dit opsetlik heraansluit, sal na skriftelike kennisgewing afgesny word.

41. Waterbeperkings

(1) Die raad kan, wanneer daar 'n skaarste aan water vir verspreiding en voorsiening aan verbruikers is, of vir enige ander goeie rede, deur middel van openbare kennisgewing—

(a) waterverbruik in die Gebied of 'n deel daarvan—

(i) in die algemeen of vir spesifieke doeleindes;

(ii) gedurende spesifieke tye van die dag of op spesifieke dae; en

(iii) op 'n spesifieke metode,

verbied of beperk, en

(b) beperkings bepaal en oplê op die hoeveelheid water wat gedurende 'n gespesifiseerde tydperk verbruik mag word;

(c) beperkings instel, of 'n verbod plaas op die gebruik of wyse van gebruik of die aard van toerusting deur middel waarvan water gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toerusting by die waterinstallasie, en

(d) die spesiale tariewe ten opsigte van waterbeperkings, bepaal ingevolge die Tariefbeleidverordening, instel.

(2) Die raad kan die toepassing van die bepalings van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) tot 'n spesifieke gebied en/of kategorië van verbruikers, persele en aktiwiteite beperk en kan op redelike gronde afwykings, vrystellings en verslappings van enige van sodanige bepalings magtig, met dien verstande dat daar nie afgewyk mag word nie van die tariewe waarna in subartikel (1)(d) verwys word.

(3) Die Munisipaliteit kan gelas dat 'n verbruiker op eie koste sodanige maatreëls tref, waaronder die aanbring van meters en toestelle vir die beperking van watervloei, wat volgens sy of haar oordeel nodig is om nakoming van die kennisgewing bedoel in subartikel (1) te verseker.

(4) Die Munisipaliteit—

(a) mag, by versuim om te voldoen aan die bepalings van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1), die watertoevoer na enige perseel inkort of, vir sodanige tydperk wat hy of sy dit wenslik ag, beperk, en

(b) moet die watertoevoer wat ingevolge paragraaf (a) opgeskort is herstel slegs nadat die fooie vir die afsluiting en heraansluiting betaal is.

(5) Die bepalings van hierdie artikel geld ook ten opsigte van water wat die munisipaliteit direk aan verbruikers buite die Gebied voorsien, ondanks enigiets tot die teendeel vervat in die voorwaardes van sodanige voorsiening, tensy anders bepaal in die kennisgewing bedoel in subartikel (1).

(6) Enige persoon wat die bepalings van 'n kennisgewing, gepubliseer ingevolge subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

